Nr./No. 62 1970 April

# Pretoriana

MERENSKY-BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
17-6-1970
Klasnommer ZA. 05(68)
Registernommer P 1970/62




TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER

MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA SOCIETY

PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

**Prys : 25c : Price**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE HERKOMS VAN DIE NAAM „RIETONDALE" EN DIÉ VAN DIE STRATE IN HIERDIE VOORSTAD

## A. GEOGRAFIESE POSISIE:

Rietondale is een van die noordelike voorstede van Pretoria, en word begrens deur Meintjeskop in die Suide, Skurweberg of Vlakkoppies in die Noorde, die Regeringsproefplaas in die Ooste, en 'n denkbeeldige grens wat skuins loop om Chamberlainstraat en Russellstraat oor die hoek van Kieser- en Noordstraat te verbind.
(Sien bygaande kaart.)

## B. HISTORIESE AGTERGROND:

Oorpronklik het Rietondale vanaf laasgenoemde grens, ooswaarts tot in die huidige Queenswood gestrek. Hierdie hele gebied het as plaas aan 'n mnr. Beyers behoort; daarna aan mnr. Dale en van hom het mnr. Piet Grobler, eertydse minister, die gedeelte vanaf Alicestraat tot in Queenswood gekoop, en dit op sy beurt weer aan die Regering verkoop as 'n proefplaas.

Die res van Rietondale is aan verskeie agente, onder meer Bourke Trust, mnr. Tom Jenkins, mnr. Roda en mnr. Krige verkoop.

Reeds vóór 1910 het mnr. Krige, hy was 'n broer van wyle generaal Smuts se vrou, Rietondale in erwe opgemeet. Van die inwoners wat toe op dié erwe, elkeen ongeveer so groot soos 'n klein plotjie, gewoon het, was onder andere 'n voormalige skeepskaptein, Helderson, wat 'n melkery tussen Van der Merwestraat en Alicestraat, ten Suide van Soutpansbergweg, gehad het; asook 'n mnr. Nel wat aan die noordelike eindpunt van die huidige Nuffieldstraat 'n melkery gehad het. (Tot onlangs nog was hier 'n tak van die Economic-melkery.) Mnr. Van der Vliet het sy plaashuis in die huidige Lysstraat gehad.

Kort hierna is daar vier paaie in Rietondale geskraap, naamlik rondom die huidige Rietondale-park en -Sportgronde, wat bedoel was om 'n openbare plein te wees. (Sommige persone beweer dat dié gedeelte Wes van Nuffieldstraat tot teenaan Parkerstraat ook deel van dié plein sou vorm. Dit kon moontlik wees aangesien die huidige Louis Bothalaan vroeër Pleinstraat was, en dit dan sou doodloop in dié veronderstelde plein. Hierdie plein sou die grootste van sy soort in die Republiek gewees het.) Hierdie paaie het toe geheet:

,Noordstraat (die huidige Noordstraat), Oosstraat (die huidige Van der Merwestraat), Suidstraat (die huidige Soutpansbergweg), en Wesstraat (die huidige Nuffieldstraat, of indien die ander teorie aanvaar word, die huidige Parkerstraat.) Hierdie strate dui, soos uit die kaart blyk, nie die rigting



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

aan waarin die strate loop nie, maar wel hulle posisie ten opsigte van die bedoelde plein.

## C. VERKLARING VAN DIE HERKOMS VAN DIE NAAM „RIETONDALE”, VAN DIE STRAATNAME EN DIE NAME VAN DIE KOPPE WAARDEUR RIETONDALE BEGRENS WORD:

### I. RIETONDALE:

Vroeër was daar op die hele gedeelte Wes van die westelike grens van Rietondale, asook op sommige ander gedeeltes, 'n rietbos. 'n Verklaring lui dat mnr. Dale, aan wie die plaas ná mnr. Beyers behoort het, hierdie algemene kenmerk van die plaas, naamlik die rietbos, verbind het met sy naam deur 'n tussenvoegsel „-on-”.

Dit mag ook wees dat hy bedoel het „Riet on the dale”, aangesien Rietondale inderdaad in 'n leegte tussen twee berge of koppe geleë is.

### II. DIE KOPPE:

#### (1) MEINTJESKOP:

Aan die suidekant word Rietondale, soos reeds gesê, begrens deur Meintjeskop. Daar was 'n hele aantal Meintjes-persone wat belangrike rolle vervul het in die vroeëre ontstaan en ontwikkeling van Pretoria. Een van hulle het homself onder ander beywer vir die aanlê van parke, 'n ander weer vir plaaslike selfbestuur, sodat dit aanvaar kan word dat Meintjeskop na een van hierdie persone vernoem is.

#### (2) SKURWEBERG OF VLAKKOPPIES:

Onder die inwoners bestaan nie uitsluitsel oor wat die presiese naam van hierdie berg, wat in die Noorde lê, is nie. Albei name slaan waarskynlik op die voorkoms van die berg wat na die oostekant toe al vlakker loop.

Waar Van der Merwestraat doodloop teen die kop, is daar 'n lae nek wat eers weer begin klim by die begin van die Proefplaas. Aan die suidekant van die nek was in die Anglo-Boereoorlog 'n konsentrasiekamp vir vroue en kinders. Die Engelse het hulle ingevoerde Skotse perde hierheen laat kom, maar toestande in Suid-Afrika was nie vir hulle gunstig nie, sodat hulle allerlei perdesiektes opgedoen het. Die perde wat dan gevrek het, is in hierdie nekkie verbrand, sodat die nekkie die naam van „Perdehel” gekry het. Tot onlangs nog kon oorblyfsels van hierdie perde opgegrawe word.

### III) DIE STRATE:

#### (1) CHAMBERLAINSTRAAT:

Hierdie straat is na mnr. F. H. Chamberlain, wat op die oomblik te Lysstraat woonagtig is, se vader vernoem. Die hele gebied Wes van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die westelike grens van Rietondale tot teen aan Parkerstraat in Riviera het aan hom behoort. Hy het sy grond in erwe verkoop op voorwaarde dat die vlei waarin die rietbos gestaan het, gedreineer word, sodat vandag nog alleen 'n gedeelte van die huidige mnr. Chamberlain se boumateriaal- en ysterwarewinkel deur 'n klein spruitjie begrens word.

(2) **NEALSTRAAT:**

Die hele blok waarin Nealstraat lê het aan mnr. Neal, wat ook hier woonagtig was, behoort. Dit is een van die nuwere straatjies van Rietondale.

(3) **LYSSTRAAT:**

Hierdie straat is vernoem na mnr. John Robert Lys. Sommige beweer dat hy 'n Hollander van afkoms was, maar ander weer dat hy 'n Fransman was. Dit is een van die oorspronklike name wat by die uitleg van Rietondale aan die straat gegee is. Dit is só genoem omdat hierdie eertydse Volksraadslid vir Pretoria gedurende die Republikeinse tydperk, hom beywer het vir die aanlê van parke en 'n botaniese tuin, sodat hy ook voorsitter was van die komitee wat oor die aanlê van die Burgerspark moes beslis. Hy was 'n voorstander vir plaaslike selfbestuur en 'n lid van „The Pretoria Municipal Board". In 1879 was hy waarnemende Landdros.

(4) **KIESERSTRAAT:**

Kieserstraat is vernoem na mnr. J. B. Kieser wat tans nog in dié straat woonagtig is. Hy was vroeër 'n skakelbeampte vir 'n petrolmaatskappy.

(5) **NUFFIELDSTRAAT:**

Vroeër het hierdie straat Krugerstraat geheet, maar aangesien dié naam reeds in 'n ander gedeelte van die stad voorgekom het, is dit vernoem na die miljoenêr, Lord Nuffield, uit dankbaarheid vir donasies van hom aan die stad Pretoria.

'n Ander teorie was dat die straat vroeër Wesstraat geheet het, aangesien, soos reeds vroeër vermeld, die straat die westelike grens van die openbare plein sou gevorm het.

(6) **BUFFELSWEG:**

(7) **VAN SOELENLAAN:**


Mnr. Van Soelen, 'n voormalige prokureur van Clocolan in die Vrystaat, het hierdie perseel opgekoop. Een van sy vier kinders, ook 'n prokureur wat tans op Nylstroom praktiseer, het dié perseel van sy vader oorgeneem. Die straat is na die jonger mnr. Van Soelen vernoem.

(8) **MORRISONLAAN:**

Hierdie laan is vernoem na mnr. J. W. Morrison, 'n boukontrakteur



Digitised by the University of Pretoria, Library Services




en een van Rietondale se oudste inwoners. Hy was die eienaar van dié gedeelte van die voorstad waardeur die laan loop, en woon nog steeds in die omgewing, en wel te „Kia Ora", Van der Merwestraat, Rietondale.

Hy het homself steeds beywer vir die verfraaiing en die beperking van besigheidsentrums in Rietondale. Rietondale self het naamlik geen besigheidsentrum van sy eie nie. Op sy grense bestaan egter 'n hele paar. Daar is om dieselfde rede ook geen woonstelgeboue in Rietondale nie. Mnr. Morrison was een van die persone wat destyds toestemming verleen het



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

tot die aanlê van die groot sportgronde waaroor Rietondale beskik. Aangesien Rietondale as voorstad begin ontwikkel en vorm aanneem het in uiters moeilike tye, het mankoliekige sinkhuisies hulle verskyning gemaak. Stadig maar seker het mnr. Morrison hierdie huisies opgekoop, en die nuwe kopers, op sy eie voorwaardes van geld voorsien om 'n stewige huis te laat bou. Op hierdie manier het die waarde van die gebied, asook sy voorkoms, gestyg sodat daar op die oomblik nog net een sinkhuisie staan op die hoek van Daleweg en Lysstraat, wat bewoon word deur twee ou mense wat verseg om te trek.

Rietondale het beslis baie aan mnr. Morrison te danke.

(9) **KAMEELWEG:**

Dit is 'n relatief nuwe straat, en is blykbaar só genoem deur die landmeters wat gedink het dat die kop, dit is die nekgedeelte van Skurweberg, ooreenkoms toon met dié van 'n kameel.

(10) **KATELAAN:**

Hierdie laan is vernoem na die eggenote van Cyril Behrmann, 'n prokureur aan wie die grond by uitleg van die straat behoort het.

(11) **DALEWEG:**

Hierdie straat is moontlik vernoem na die tweede eienaar van die plaas Rietondale, soos reeds vroeër bespreek.

(12) **NOORDSTRAAT:**

'n Moontlike herkoms van die naam van hierdie straat is vroeër bespreek. Daar bestaan egter ook die moontlikheid, soos sommige beweer, dat die straat vernoem kon gewees het na 'n mnr. North, en dat hierdie „North" dan verafrikaans het tot „Noord". Dit bied natuurlik 'n ander oplossing vir die feit dat hierdie „Noord" nie rigting aandui nie.

(13) **VAN DER MERWESTRAAT:**

Die straat is moontlik vernoem na 'n stadsraadslid, Van der Merwe. Die moontlikheid bestaan egter ook dat die naam verband kan hou met mnr. C. C. van der Merwe wat tans op die hoek van Soutpansbergweg en Van der Merwestraat woonagtig is. Hy is onderdirekteur van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde.

Die moontlikheid bestaan natuurlik ook dat hierdie straat Oosstraat kon gewees het, soos vroeër verduidelik.

(14) **ALICESTRAAT:**

Hierdie straat is vernoem na Lady of prinses Alice, die eggenote van die tweede laaste Engelse goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, naamlik „the Earl of Athlone."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

(15) **JAN HUGOSTRAAT:**

Mnr. Jan Hugo het hierdie gedeelte van die voorstad oorspronklik van mnr. Roda gekoop, en dis toe waarskynlik oorgeneem deur sy dogter, mev. Margaretha Elizabeth Francina van Coller.

(16) **SOUTPANSBERGWEG:**

Soos uit 'Jock of the Bushveld" blyk, is dit die ou hoofweg na die Zoutpansberg. Dit is "the great North Road", soos sommige dit noem. Die moontlikheid bestaan egter dat hierdie straat eers Suidstraat kon gewees het, soos blyk uit 'n vroeëre verduideliking.

Daar word tans gespook om die spelling van "Zoutpansbergweg" na "Soutpansbergweg" te verander, aangesien sommige meen dat dit die korrekte spelling is; ook soos onderskryf deur 'n inwonende taalkundige.

(17) **KAPTEIN JANSTRAAT:**

Hierdie straat is vernoem na kaptein Jan Klompje wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog in Nederland gesneuwel het. Dié gedeelte van Rietondal waardeur die straat loop, het aan sy vader behoort en is op versoek van laasgenoemde na sy seun vernoem

(18) **BELRENESTRAAT:**

(19) **RUSSELLSTRAAT:**

Hierdie straat is na mnr. F. Russell vernoem wat op die oomblik woonagtig is op die hoek van Louis Bothalaan en Blakestraat in Riviera. Hy was vroeër in diens van die Munisipaliteit van Pretoria.

(20) **JENKINSRYLAAN (JENKINS DRIVE):**

Tom Jenkinsrylaan is na T. J. Jenkins, 'n eertydse stadsraadslid en burgemeester van Pretoria, vernoem. Vroeër moes daar ver om Meintjeskop gery word, aangesien daar slegs 'n "Bridlepath" vanaf die huidige Libertas oor die berg geloop het. Hierdie paadjie was slegs bedoel vir die gebruik van die goewerneur-generaal en ander ampsdraers. Die grond waarop Libertas vandag staan het aan mnr. Roda behoort, en hy het dit aan mnr. Jenkins verkoop. Hy het dit op sy beurt voorwaardelik aan die Regering verkoop. Die voorwaarde was dat daar 'n pad gebou moes word, en geheel deur die Regering onderhou moes word. Die grond waarop die huidige Presidentswoning en dié waarop Libertas staan is afgekamp, sodat die nuwe pad aan die publiek oopgestel kon word. Die hele pad is met klip en sement deur bandiete gebou.

Die pad is dus eintlik aan mnr. Jenkins te danke, wat ook die voorsitter van die Belastingbetalersvereniging van Rietondale en Riviera was. (Dit is terloops die oudste vereniging in sy soort wat nog nooit ontbind is nie. Die notule dateer vanaf ongeveer 50 jaar gelede.)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

(21) **KORTSTRAAT:**

Hierdie straat is volgens mnr. B. Bloemsma van die Landeafdeling van die stad, slegs 'n 117 Kaapse voet lank, en só genoem omdat dit so kort is.

**RIVIERA**

Van Rietondale se buurman, Riviera, kan miskien die herkoms van die volgende ses strate se name gegee word:

(1) **AUGUSTSTRAAT:**

Vernoem na August Friedrich Tandler, 'n Duitser, aan wie die erwe behoort het.

(2) **BETTYSTRAAT:**

Vernoem na die eggenote van mnr. B. Bloemsma wat jare lank hoof van die "Estates" afdeling van die stad was. Mev. Bloemsma was Elizabeth Susanna Maritz, 'n kleindogter van Salmon Maritz, 'n broer van die Voortrekkerleier.

(3) **BOUWERSTRAAT:**

Vernoem na Pieter Willem Bouwer aan wie die grond behoort het toe die straat uitgelê was. Mnr. Bouwer was vir baie jare by die firma Henwoods werksaam en besit tans sy eie saak in die stad.

(4) **HANNAHSTRAAT** Verdoop tot **KLARADYNSTRAAT:**

Vernoem na Hannah, die eggenote van Herbert Edward Robertson aan wie die grond behoort het waarop die straat uitgelê is.

Aangesien Mikro in Rietondale woonagtig was, en daar juis na 'n nuwe naam vir hierdie straat gesoek is, is die straat verdoop na Klaradynstraat, na aanleiding van Mikro se werk „Klaradynstraat".

(5) **TANDLERSTRAAT:**

Vernoem na August Friedrich Tandler, 'n Duitser, aan wie die erwe indertyd behoort het.

(6) **LOUIS BOTHALAAN:**

Hierdie laan is na generaal Louis Botha vernoem. Die oorspronklike naam was Pleinstraat.

D. *BRONNE*:


Mnr. J. W. Morrison.
Mnr. M. S. van Zyl.
Mnr. M. A. du Plessis.
Mnr. J. A. Mouton — lid van die Belastingbetalersvereniging se bestuur.
Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Deel 1, 1961: "Die Ontstaan en Ontwikkeling van die Munisipale Bestuur en Administrasie van Pretoria tot 1910" — deur J. J. N. Cloete.


Mej. J. S. C. DU PLESSIS.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# AANVULLENDE OPMERKINGS NA AANLEIDING VAN "DIE HERKOMS VAN DIE NAAM 'RIETONDALE' EN DIÉ VAN DIE STRATE IN HIERDIE VOORSTAD"

AANGESIEN mej. Du Plessis wat bogemelde taak in haar B.A. III-jaar aan U.P. as 'n pleknaamstudie ingedien het, blykbaar nie die Stadsraad van Pretoria se Eeufeespublikasie **Pretoria 1855-1955** ter insae had nie, haal ek daaruit 'n paar tersaaklike gegewens hier aan: Die voorstede Riviera en Rietondale is onderskeidelik in 1899 en 1904 by die stadsgebied ingelyf.

**MEINTJESKOP** "dra die naam van Stephanus Jacobus Meintjes wat van Graaff-Reinet na Pretoria gekom het en die plaas Arcadia (wat die kop ingesluit het) van landdros A. F. due Toit gekoop het. Dit is op 7 April 1865 op sy naam getransporteer. Oorspronklik is na „Meintjes se kop" verwys, maar reeds in 1870 het dit as Meintjeskop bekend gestaan. Stephanus het sy meul op die hoek van Kerk en Edwardstraat gebou. Sy seun Eddie, het later 'n woning teen die helling van Meintjeskop laat bou."

**JOHN ROBERT LYS:** "His grandfather was a member of the Royal Artillery in Britain and his father . . . ministered to his flock in Alderney, one of the Channel Islands, and it was there that John Robert was born on January 17, 1820. . . . He came to Pretoria shortly after the town had been founded and established himself as a trader. . . . His shop was to be found on the site at present occupied by the Tudor Buildings, on the corner of Church Street and Church Square. . . .

His house occupied a portion of the site now occupied by the gigantic new Standard Bank building. . . . Lys became the first English-speaking member of the South African Volksraad.

When Sir Theophilus Shepstone annexed the Transvaal in 1877, Lys . . . accepted an appointment as the first magistrate under British rule in Pretoria. . . . John Robert Lys died in 1880. On his tombstone is inscribed: "One of the first English settlers in the Transvaal." Go along Lys Street in Rietondale and think kindly of John Robert Lys, a worthy citizen of a small but growing town."

(Op Lys se erg verweerde grafsteen in die Pretoriase Ou Begraafplaas verskyn sy geboortejaar as 1829 — hy is op 14.8.1880 oorlede.)

G. J. VAN ECK,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Extracts from the Memoires of the late Mr. C. A. Cilliers:

# LIFE IN THE UNION PUBLIC SERVICE

IN the latter half of 1916 I was asked by the Secretary, Public Service Commission, to come and see him. This was such an unusual request that I was completely mystified. I travelled to the Union Buildings, met Piet Hofmeyr for the first time and was questioned by him about my academic and other attainments. The interview then came to an end. I was more mystified than ever because all the information I gave him was contained in my file which he had with him.

A week later Hofmeyr again sent for me. The same aimless discussion took place. After a while and without a word of apology he wrote a letter, placed it in an envelope which he addressed, sealed and handed to me with the request that I should deliver it to Colonel Mentz, Minister of Lands.

Although I had by this time attained the mature age of 23 I was still rather fiery. I just exploded, told him that it cost me 9d. to come to the Buildings by tram, would cost me another 9d. to get back and, anyhow, didn't the Commission have any messengers on its staff to deliver letters? This must have shaken him because he then condescended to tell me that the Minister desires to have another Private Secretary and had asked him to try and find a suitable young man. Hofmeyr said he had interviewed a few clerks and was recommending me to the Minister. I was very much taken aback as I had only just met Hofmeyr and had never seen Colonel Mentz.

I had enough sense to express my appreciation but asked how I was to set about things. I presumed there actually was a Private Secretary in office and it would be more than awkward to hand him a letter, which he would probably open, and indicate to him that I was to replace him.

It was then arranged that I should hand the letter to Mentz personally. In fear and trembling I did so. Tre Minister considered me to be on the young side but decided to try me out.

My three and a half years in the service and the army made me realise that I was being given a chance in a thousand and that it was now up to me. Being taken out of the rut at this early stage of my career I regarded as a heaven-sent opportunity. I made up my mind that from then onward my work would take precedence over everything else.

The first sacrifice I had to make was a tremendous one for me. I assumed my duties as Private Secretary on 1st September, 1916. A week later I was to play for Pretoria Combined (now Northern Transvaal) in a



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

rugby match against Johannesburg Combined (now Transvaal). As the Minister was preparing to leave Pretoria on an official trip I had to inform the selectors that I would not be available for the match. This would have been my highest distinction in rugby, and it was a bitter blow at the time to stand down. In retrospect, however, I regard it as a wise decision. The Minister did not know about it until some two years later. A further decision I had to make at the time was to give up rugby altogether.

Little did I realise what I was in for when I threw in my lot with Hendrik Mentz. He was about the hardest taskmaster I was ever associated with. If I remember correctly he was a Cabinet Minister for six and a half years and during that period no fewer than 13 Private Secretaries served him in connection with his portfolios of lands and defence. As I was with him for two years and ten months it will be realised that the others did not last long.

Mentz was a most inconsiderate person — he had no consideration even for himself. He was extraordinary able and a glutton for work. He knew no office hours and on our official trips it was not unusual for him to start on office files at 2 a.m., work till 5 a.m. and then go to bed again. This was a heavy strain as I did not possess his faculty of sleeping at any time when he wanted to do so. I wish to emphasise that although Mentz was a hard and inconsiderate chief I respected his outstanding ability and became fond of him.

I perforce had to be present at many political meetings. Mentz was a born fighter and loved a rowdy meeting more than anything else. I once asked him if he really thought that these fights did any good and gained converts. His reply was typical: 'This is a political meeting and not a kerkraad vergadering".

On one occasion Mentz addressed a meeting in the Pretoria district with Wally Teichmann (later a Senator). The meeting was dull and so were the members of the audience. Nothing seemed capable of exciting these people. After the meeting Mentz told Teichmann that he had maligned these people and had lauded them but at no time did the expression on their faces change. He had been bored stiff and decided never again to visit this area.

During an election campaign we arrived at Sutherland where two men insisted on discussing official matters with me. The only time I could arrange for this was after a meeting lasting till 11 p.m. We met in my bedroom and they talked so loudly that they disturbed my neighbour. When he appealed to us to be quiet my visitors deliberately spoke more loudly. My neighbour became so angry that he threatened to shoot us, emphasising the fact that he had a revolver. My neighbour was Senator Langenhoven.

(To be continued)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# RUGBYSPRINGBOKKE NA WIE STRAATNAME IN DANVILLE, PRETORIA, VERNOEM IS

**HEPBURN, Thomas Edward Carter** (Tom) het in 1896 vir Suid-Afrika teen die Britte hier te lande rugbyroem verwerf. By die 4de toets (op 5 September, te Nuweland) het hy vleuel gespeel.

"And so on September 5 at Newlands, South Africa took the field against the powerful British team in an effort to beat them at least once. And win they did! The whole country is jubilant. Farard, who scored the try, and Hepburn, who added the major points, get a little extra praise . In short all were heroes. The victory will go down in history."

Tom Hepburn is op 29 Maart 1881 te Kaapstad gebore waar hy aan die destydse S.A.C.S. onderwys ontvang het. Hy is op 2 September 1937 oorlede.

*BRON*:

DANIE CRAVEN: *Springboks Down the Years.*

**MARSBURG.** Die twee rugbybroers, Arthur F. W. en Peter Archibald was albei uit Kimberley se wêreld afkomstig. Arthur . . . 'that great-hearted full-back and wing . . . was chosen for the 1906 Springbok tour of Britain while his brother P. A. Marsberg was later capped for S.A. against Tom Smyth's team in 1910".[1]

"Arthur Marsburg was not in his (Mark's) opinion, quite in the same class as the others, but a deadly, absolutely fearless tackler."[2]

Arthur is op 24 September 1883 te Sterkstroom gebore en is op 16 Januarie 1942 in die West End Cemetery, Kimberley, begrawe. Hy was 'n mynbeampte.

Peter Archibald is op 1 Oktober 1885 te Fort Beaufort gebore alwaar hy ook skool gegaan het. Hy was elektrisiën van beroep.

*BRONNE*·

(1) PRICE, Maxwell: *Springboks in the Lion's Den.*

(2) PARKER, A. C.: *Giants of South African Rugby.*

*VERDER*:

(3) *Rugby in Suid-Afrika* uitgegee deur Johnston en Neville ten behoewe van die S.A. Rugbyraad.

L.W. In Bronne (1) en (3) word die betrokkenes se van aangegee as Marsberg. Die straatnaam heet *Marsburglaan.*

**McHARDY, Evelyn Edgar** (Boet) is in 1890 te Bloemfontein gebore



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Goedgunstiglik geleen deur „Hoofstad".*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en het aan die Greykollege gestudeer vir en later gepraktiseer as prokureur. Hy is in 1960 oorlede.

Hy dra die springbokkleure op die tweede oorsese toer teen Brittanje in 1912/13. Die destydse 22 jarige Vrystaatse vleuel het op die toer sy spore verdien. Die 3de toets (op 14 Desember 1912 te Cardiff teen Wallis) "was a triumph for Boet McHardy, whose defence saved the springboks on two occasions when it looked all over."[1]

"It was certainly Boet's game, for his defence was superb. . . . He had scored 20 in 1912."[2]

"Boet McHardy het daardie dag (teen Ierland), nes Jan Stegmann, 'n rekord daargestel toe hy sy drie drieë in een toets druk. Dis eers geëwenaar in 1955 toe Tom van Vollenhoven dit teen die Britte in die tweede toets doen."[3]

*BRONNE*:

(1) CRAVEN, Danie: *Springboks Down the Years.*

(2) CRAVEN, D. H.: Springbokannale (Rugby) 1889-1964.

(3) CRAVEN, Dr. D.: *Oubaas Mark*: Die 1912-Springbokke.

**MILLAR, William Alexander** (Billy) is in 1883 te Bedford, K.P. gebore waar hy vroeëre opvoeding ontvang het. Hy het in Kaapstad aan die South African College gestudeer.

Hy was in die Departement van Aksyns werksaam voordat hy in 1921 in diens van die K.W.V. getree het. Hy het in verskeie takke van die K.W.V. te Robertson, Stellenbosch en Paarl gedien en was Algemene Bestuurder van 1923 tot die einde van 1942 toe hy met pensioen afgetree het.

Daarna leef hy stil aan sy woning „Picardie" in Zuider Paarl tot aan sy dood op Vrydag 18 Maart 1949 op 66 jarige leeftyd.

Een van die vate met inhoud van 4,800 gelling — toentertyd die grootste vate by die K.W.V. — is 'Big Bill" na hom vernoem, terwyl 'n vat van 2,000 gelling "Mrs. Bill" geheet het — na sy eggenote wat ongeveer 6 maande voor hom oorlede is.

Hy het hom in erns vir die eerste keer aan sport gewy toe hy reeds 17 jaar oud was, net met die doel om 'n arm wat ernstig gedurende die Anglo-Boere-oorlog gewond was, te laat herstel. Hy was feitlik 'n invalide, maar het deur oefening, stap en boks sy gesondheid dermate herwin dat hy in 1903 reeds lid van Tuine se 1ste rugbyspan was. In 1906/7 is hy lid van Paul Roos se toerspan in Brittanje, in 1910 is hy weer springbok teen die Britte alhier — voer op twee toetswedstryde die springbokke aan as kaptein; nl. op 27 Augustus en 3 September 1910, onderskeidelik te Port Elizabeth en op Nuweland, en in 1912/13 neem hy sy springbokke oorsee na Brittanje.

As rugbyspringbok is hy bestempel as "the most virile personality that ever donned a Springbok jersey", en verder is van hom geskryf: " 'Billy' Miller is nie meer nie, maar komende geslagte sal nog met eerbied praat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van die sportprestasies van hierdie groot man, terwyl ons in die wynbedryf altyd die nagedagtenis van 'Oom Billy' sal vereer."

*BRONNE:*


*Die Wynboer*, April 1949.

CRAVEN, D. H.: *Sprinkokannale (Rugby)* 1889-1964.

CRAVEN, Danie: *Springboks Down the Years.*


**PAUL ROOS:** Paulus Johannes Roos is op 30 Oktober 1880 op die plaas Rus-en-Vrede, Helderberg, distrik Stellenbosch gebore. Hy was die oudste seun van mnr. Tielman Roos uit 'n gesin van 5 seuns en 3 dogters. Hoewel die seuns almal redelike hoogtes in die rugbyspel bereik het, vind ons die oudste, Paul, baie gou in die senior spanne waarheen sy buitengewone entoesiasme hom gevoer het.

Paul ontvang sy eerste skoolonderrig in 'n plaasskool in Helderberg, tussen Stellenbosch en Somerset-Wes by mej. Isie Krige (later mev. J. C. Smuts), van wie hy met die grootste lof gepraat het. Daarna is hy vir 2 jaar lang in die leer by mnr. N. J. Stucki in die Blouvlei en lê daar die "School Elementary" — en die "School Higher" — eksamen af. Aan die Hoërskool vir Seuns te Stellenbosch maak hy in 1900 Matriek onder dr. Koos Marais. Na drie jaar studie aan die Victoriakollege (tans die Universiteit van Stellenbosch) verwerf hy die graad B.A. Ná voltooiing van sy kollegekurus, gaan Paul vir 6 maande lank op Rustenburg skoolhou, waar hy van rugby afgesny was. Gedurende die rugbyseisoen het hy egter elke Saterdag die wapad na Pretoria (65 myl met volop 'turf) per trapfiets afgelê om daar te gaan speel vir die Harlekyne-klub waarby hy aangesluit het. Omdat hy gewetensbesware had om op Sondae terug te ry, het hy Saterdagaande na afloop van die wedstryde die lang rit teruggefiets.

Na afloop van dié ses maande in Transvaal, is hy terug as assistent aan die Hoërskool vir Seuns op Stellenbosch en terug in sy rugbyparadys.

Hy word kaptein van die Stellenbosse span, verwerf die Groen en Goud in 1903, en bereik die hoogste onderskeiding op die rugbysportgebied toe hy in 1906 ons eerste Springbokspan na Brittanje aanvoer as kaptein. Op hierdie toer is op Paul se voorstel die naam "Springbok" vir ons internasionale spelers gebore toe hy dit as naam aan die hand gedoen het aan 'n koerantman wat verneem het met watter naam die span genoem sou word. Op hierdie toer was dit dat een van die Britse voorspelers in 'n losskrum vir Paul met die vuis op die wang geslaan het. In plaas van terug te slaan, draai hy sy gesig en sê: "Would you mind striking the other cheek?"

In 1932 lei hy die Junior Springbokspan as bestuurder na Argentinië. As verteenwoordiger van die S.A. Rugbyraad is hy verskeie kere oorsee gestuur om die rugbybelange van Suid-Afrika te behartig en hy dien die Raad as onderpresident tot aan sy dood in 1948.

"Wat ons altyd moet onthou is dat sekere spelers die tradisie van S.A.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

voetbal 'n geweldige stoot vooruit gegee het. 'n Mens wonder of dit ooit dieselfde sou gewees het as dit nie was vir sulke name soos Paul Roos, Japie Krige, Bob Loubser en andere nie; spelers wat toeskouers gelok het en wat die spel deur hulle spel propageer het. Dis dit wat Oubaas Mark besef het en sy besluite laat neem het.

As sy regterhand dwarsdeur sy hele lewe het hy Paul Roos gehad. Paul en hy het so baie in gemeen gehad; hulle is op Blouvlei en Stellenbosch opgelei en toe Oubaas Mark nie-spelende kaptein van die klub was, was Paul die kaptein op die veld."[1]

Aan die Hoërseuns, Stellenbosch, het Paul aangebly tot aan die begin van 1908 toe hy 'n paar jaar as hoof van die Hoër Seunskool op Worcester aangestel is. In 1910 word hy hoof van sy ou skool op Stellenbosch wat later na hom vernoem is (die Paul Roos-gimnasium). Hier werk hy totdat hy in 1940 met pensioen afgetree het.

Na sy aftrede as skoolhoof was hy 'n tydlank waarnemende inspekteur van skole en daarna tot die einde van Maart 1948 in diens van die Onderwysdepartement as voorligter in geslagsonderrig.

Die betrekking lê hy neer en stel hom kandidaat vir die Volksraad vir Stellenbosch. Op 26 Mei 1948 word hy dan met 'n baie groot meerderheid gekies. Hy woon daardie sitting by wat in Julie ten einde loop.

Oor hierdie kort tydvak in Paul Roos se lewe het die Staatpresident, mnr. Swart, die volgende geskryf onder die opskrif "Mnr. Springbok L. V.": "En toe kom oom Paul Roos laggend en opgeruimd met 'n vriendelike woord en groet vir elkeen, die Raadsaal binnegestap. . . . Hy was onderwyser, verdiep in die onderwyswêreld en besield met die opvoeding van ons jeug. Nooit het hy aktief aan die politiek meegedoen nie en nog minder het hy ooit gedroom om parlementslid te word. Hierdie onderskeiding is onverwags op hom neergestort nadat hy as hoof van die Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch afgetree het." Hy was nooit tuis in die Volksraad nie . . . en dit het keer-op-keer gebeur dat hy tydens een van sy toesprake deur die Speaker tot orde geroep en gevra is om hom "by die onderwerp onder bespreking te bepaal." Gereeld het dan die klomp kwajongens aan albei kant van die Raad hom onder gelag toegeroep "Onkant, oom Paul".[2]

Benewens mnr. Paul Roos se diens as Volksraadslid het hy, ná sy aftrede as onderwysman, die samelewing ook gedien as lid van die Stads-, Skool-en Kerkraad.

Uit sy huwelik in 1908 met 'n nooie Susie Kuhn. is daar 2 seuns en 2 dogters gebore.

Op Woensdagoggend, 22 September 1948, het Paul Roos aan 'n hartaanval beswyk.

*BRONNE*:

(1) CRAVEN, dr. D.: *Oubaas Mark.*

(2) *Rugby in Suid-Afrika* uitgegee deur Johnston en Neville ten behoewe van die S.A. Rugbyraad.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*VERDER*:

(a) *Die Unie*, 1 Januarie 1949: Paul Roos-uitgawe.

(b) Mededelings deur mnr. Gideon Roos, Posbus 9292, Johannesburg.

**SCHOLTZ, H. H.** ("Tokkie"), het in 1921 op 29 jarige leeftyd die springbbokkleure gedra op die oorsese toer in Nieu-Seeland. Hy was een van die Maties in daardie span. Oor hom skryf Craven[1]) ". . . Tokkie Scholtz should have been in the 1912 team, but he knocked on. . . " Terloops, hierdie insident wat Tokkie sy kleure gekos het, was oorsaak dat Oubaas Mark dikwels gesê het: 'If you want to make the team, don't be there to take a pass'."

Mnr. Hugo (Tokkie) Scholtz is op 8 April 1959 in die ouderdom van 67 jaar in die Stellenbosse Hospitaal oorlede.

Hy is in 1944 tot direkteur van K.W.V. vir die Stellenbosch-afdeling gekies en dit sedertdien onafgebroke verteenwoordig. Hy was 'n welbekende wynboer.

Baie jare het hy in die komitee van die W.P.-rugby-unie gedien en later het hy lewenslid daarvan geword. Hy was onder meer ook president van die Van der Stel-rugbyklub, lid van die Stellenbosse Afdelingsraad, direkteur van die S.A.W.F.A., die Helderbergse Ko-operatiewe Wynkelder, die Stellenbosse Distriksbank en die W.P. tabakkorporasie.

Hy word oorleef deur sy eggenote en drie kinders.

*BRONNE*:

(1) CRAVEN, Dr. D.: *Oubaas Mark*, 1959.

*VERDER*:

CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale* (*Rugby*) 1889-1964.

PARKER, A. C.: *Giants of South African Rugby*.

*Die Wynboer*, Mei 1959.

**STRAUSS, S. S. F.,** het vir Griekwas rugby en ook krieket gespeel en op die 1921-springboktoer na Nieu-Seeland (op 28 jarige leeftyd) die Springbokkleure gedra.

Oor hom as mens en militêre figuur dank ek die volgende gegewens aan die Krygshistoriese Afdeling van die S.A. Weermag:

"Sarel Stephanus Francois Strauss.

Gebore: 24 November 1891.

Deelgeneem aan Anglo-Boere-Oorlog van 1899-1902. Burger van S.A. Republiek.

Gevangene geneem tydens oorlog. Weer ontslaan. Deelgeneem aan Wêreld Oorlog 1 — rang van Stafsersant.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Deelgeneem aan operasies in Oos-Afrika 1917-1918.

Bevorder tot 2de Luitenant — 1 Mei 1923.

Gestasioneer te Port Elizabeth, Militêre Distrik No. 2. Bevorder tot Luitenant 1 Januarie 1924. Na Robertshoogte te Pretoria 7 Februarie 1924.

Verplaas na Potchefstroom as Administratiewe Offisier, Militêre Distrik No. 7. Verplasing: 2 Julie 1924.

Tree uit mag: 1924.

Weer terug as Luitenant in Burgermag 12 September 1933, te Robertshoogte.

Toegevoeg tot Spesiale Diensbataljon. Toe verplaas na Bloemfontein 25 Januarie 1934. Word lid van Staandemag 1 Junie 1934. Bevorder tot Kaptein 1 Desember 1937. Toe verplaas na Pretoria, 12 Januarie 1940.

Toegevoeg tot Kwartiermeestergeneraal se Afdeling. Toe bevorder tot Tydelike Majoor, 1 Augustus 1942. Later bevorder tot Majoor, datum onbekend.

Oorlede: 6 Maart 1946.

Getroud: 18 Junie 1942, met Mary May Harris. 1 dogter uit huwelik gebore: Molley Yvonne, gebore 10 Maart 1925.

Medaljes ontvang: 1899-1902-Medalje. German East Africa Campaign, British War Medal, Victory Medal."

**OSLER, Benjamin Louwrens** (Bennie) is op 23 November 1901 te Aliwal-Noord gebore waar sy vader toe 'n gewilde prokureur was.

Hy geniet sy skoolopleiding in die Western Province Preparatory School en Rondebosch Boys' High School en vir die laaste twee jaar te Grahamstad (Kingswood College). In 1920 is hy ingeskryf as student in die regte aan die Universiteit van Kaapstad. In die jare 1922-31 maak hy vinnig opgang as U.K. se rugbyvoetbalheld.

Bennie Osler het sy lang en glorieryke loopbaan as springbok gedurende die Britse toer in 1924 begin en dadelik sy skopvermoë geopenbaar deur op die 1ste toetswedstryd (op 16 Augustus te Durban) 'n skepdoel en 2 strafskoppe deur die pale te stuur. "The first test we won by a dropped goal by Bennie Osler, who is rapidly becoming a dropped goal merchant."[1]

Tydens die All Blacks se toer deur S.A. in 1928 wen ons die eerste toets (17—0) "This match will go down as Bennie Osler's Test — he scored 14 points, all with his boot."[2]

Bennie het die springbokspan in 1931/32 na Brittanje en Frankryk aangevoer en hy was weer eens kaptein toe die Wallabies in 1933 Suid-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Afrika die eerste keer besoek het. In dié toer "Bennie promised not to kick in the 2nd test (op 22 Julie 1933, Kingsmead, Durban), and we got the biggest hiding in our history: 21 : 0."[1]

Bennie het sy rugbyloopbaan afgesluit met die wedstryd tussen dr. Alec Ross se Wallabies (1933) en die stedelike en plattelandse span in Kaapstad. "Tans (1956) woon hy, sy eggenote, enigste seun en moeder op 'n mooi plaas by Brackenfell net buite die noordelike voorstede van Kaapstad. . . . Hoewel Bennie nou 'n boer is, is hy 'n gekwalifiseerde prokureur. . . . "Ek het my daarvoor bekwaam net om aan my vader se wens te voldoen," verklaar hy.

Ook in die hofsaal was Osler 'n gevaarlike teenstander. Op 'n keer antwoord hy sy teenparty in die Kaapse Siviele Hof wat aan hom gesê het: 'Kyk hier, my geleerde vriend, hier kan jy nie maak wat jy wil soos op die rugbyveld nie' — "nee, maar ek het reeds verskeie drieë in hierdie saak gedruk en ek dink ek het hulle almal vervyf. Om die waarheid te sê, ek wag nou net om te hoor dat my span die wedstryd gewen het!"[2]

Bennie is getroud met 'n nooie Gladys Hobson en het 'n seun en 'n dogter, laasgenoemde getroud met die seun van mnr. J. Vosloo van Barkley-Oos—een van sy sentermaats in die dae toe hy die held van U.K. was.

„Vandag is losskakel Bennie Osler die plaasboer B. L. Osler en daar is min tyd vir aktiewe deelname aan die sport wat hom beroemd gemaak het. Sy naam en faam groei egter steeds — en dit is die maatstaf van sy grootheid".[2]

*BRONNE*:

(1) CRAVEN, Danie: *Springboks Down the Years.*

(2) *"Rugby se Grootste Taktikus"* in *Mense*, Februarie 1956.

*OOK*:

CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale* (*Rugby*) 1889-1964.

—G. J. VAN ECK.

# DIE KRUGER- EN DIE LOUIS BOTHA-SKILD

IN my artikel oor die Kultuuraktiwiteite van die Pretoriase Jeug tussen 1883 en 1913 ("Pretoriana" No. 53, April 1967), word gemeld van die skilde wat destyds by die Unie-sangwedstryde van die P.C.J.V. vir gewyde koorsang uitgeloof is. Aangesien die twee skilde, naamlik, die Krugerskild en die Bothaskild, tans onderskeidelik in die Krugerhuismuseum en die Ou Transvaalse Museum berus, is dit miskien nuttig om die "geskiedenis" van die skilde hier korteliks te herhaal soos vervat in die oorhandigingstoesprakie van skrywer deses op Woensdagaand, 25 Augustus 1954. Op 'n byeenkoms van die Pretoriase Afrikaanse Kultuurraad is die skilde aan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services




*Foto: P. J. Joubert*

*G. J. van Eck en Barry Murray (tans ds. R. B. Murray van Villieria), by die Kruger- en die Botha-skild wat hulle op 'n Redenaarsaand van die P.A.K. op 7-4-41 in die Suzanna-saal gewen het.*

mev. Kotie-Roodt Coetzee oorhandig wat dit namens die Transvaalse Museum in ontvangs geneem het:—

"Die twee skilde wat ek vanaand hier aan die verteenwoordiger van die Transvaalse Museum oorhandig, is die Kruger- en die Bothaskild wat 'n veelbewoë tydperk in die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner deurgemaak het.

Die geskiedenis van die skilde is ten nouste verbonde met twee jeugverenigings wat sedert die vorige eeu tot ongeveer nege jaar gelede in Pretoria die voortou op kultuurgebied geneem het. Die eerste was "De Christelijke Jongelings-Vereniging te Pretoria" wat op 20 April 1883 deur wyle ds. (later dr.) H. S. Bosman alhier gestig is. (Vir sover ek kon vasstel was dit die eerste C. J. V. wat in **Transvaal** gestig is — in Suid-Afrika



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

is die eerste C.J.V. in 1874 deur wyle prof. N. J. Hofmeyr te Stellenbosch gestig.)

Van hierdie C.J.V. wat ds. Bosman begin het, is daar so te sê geen spore oor nie, behalwe 'n Reglement waarvan genoemde ds. Bosman se dogters, tans te Hatfield woonagtig, 'n eksemplaar besit. Na die Tweede Vryheidsoorlog ontstaan daar egter weer op 15 Novembber 1904 die "Pretoria Christelike Jongelieden Vereniging" met ds. W. P. Steenkamp as voorsitter. Tussen die jare 1904 tot 1914 gaan die P.C.J.V. met sy gereelde byeenkomste elke veertien dae in die Suzannasaal voort.

Die geskiedenis van die skilde neem in die jaar 1911 'n aanvang toe die Krugerskild deur die familie Kruger-Eloff en die Bothaskild deur die destydse eerste minister, genl. Louis Botha self aan die P.C.J.V. geskenk is om as pryse uitgeloof tè word vir beste gewyde sang onderskeidelik deur 'n gemengde koor en 'n mannekoor. Die P.C.J.V. het naamlik in daardie jaar (1911) begin met sy reëlings in verband met die jaarlikse Unie-Sangwedstryde waarvan die eerste op Vrydagaand, 23 Februarie 1912 in die geskiedkundige Operagebou gehou is. By hierdie geleentheid is die Krugerskild verower deur die kerkkoor wat onder leiding van A. C. Willmot gestaan het, welke koor die skild vir 'n tweede maal op 7 November 1913 verower het. Die Bothaskild is blykbaar op die eerste wedstryd nie uitgeloof nie en op die tweede vermoedelik aan die destydse Hollandse Mannekoor toegeken.

Die P.C.J.V. wat sedert 1908 president Kruger se geboortedag jaarliks herdenk het, hou weer 'n "Kruger Avond" op 10 Oktober 1914 in die Operagebou waar genl. Beyers as spreker sou optree oor die lewe en werk van Kruger. Wat daardie aand gebeur het, behoort tans tot die geskiedenis wat in noue verband staan met die bewoë jare van 1914-1918 en die Rebellie. Op die betrokke aand is die P.C.J.V. 'n nekslag toegedien wat hy eers teen 1920 sou te bowe kom, en na 1914 is die sangwedstryde nie weer gehou nie, en het die skilde ook van die toneel verdwyn.

Die P.C.J.V. het na 1920 weer herleef en aangehou tot op 4 Mei 1931 toe sy naam tot "Jong-Pretoria Afrikaanse Kultuur Vereniging" verander is. Op 17 Mei 1933 het die naam die "Pretoriase Afrikaanse Kultuurvereniging" ontstaan. In 1936 is die twee skilde êrens op 'n winkelsolder onder die rommel van jare opgediep en vanaf 1937 is hulle jaarliks aan die twee beste redenaars uit die P.A.K. se geledere toegeken — die Krugerskild as eerste



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en die Bothaskild as tweede prys. In 1945 is die skilde vir die laaste keer toegeken. In die daaropvolgende jare het die P.A.K. hom nie meer aan openbare byeenkomste gewy nie, en het ek die skilde in bewaring geneem en onder die sorg van my eggenote geplaas wat hulle getrou skoon gehou en vertroetel het. Dis met 'n gevoel van weemoed in die hart dat ons van hulle afskeid neem, maar ook met vreugde omdat hulle nou as brokke kultuurgeskiedenis 'n tuiste in die Museum van Pretoria sal vind."

(In *Die Vaderland* van 26 en *Die Transvaler* van 27 Augustus 1954 verskyn verslae, benewens foto's, van voornoemde oorhandiging.)

G. J. VAN ECK.

# INTERESSANTE GEGEWENS OOR DIE RISSIK-GESLAG

ONLANGS het ons, danksy die welwillendheid van die administrateur van die „Historische Vereniging Woerden en Omgeving", Lindenlaan 72, Woerden, Nederland, in besit gekom van 'n eksemplaar van nr. 5 van die „Stichts-Hollandse Bijdragen" met as titel „Langs de Linschoten. Grepen uit de historische ontwikkeling van dorp en rivier. "In hierdie publikasie het W.G.F.C. Rissink die bydrae „Van Linschoten naar de Transvaal" (pp. 34-39) gepubliseer, waarin besonderhede vermeld is oor die stamvader van die Suid-Afrikaanse Rissiks, die medikus G. H. Rissik, gebore in 1824, van 1847-1868 praktiserende geneesheer in die dorpie Linschoten, daarna in die stad Utrecht (Nederland). Tydens sy verblyf in Nederland—dr. Rissik, sy gade en kinders, met uitsondering van die derde seun, het in Mei 1876 op Pretoria aangekom—het hy o.m. die Nederlandse bewerking van J. G. Wood se tweedelige werk onder die titel „De Onbeschaafde Volkeren der Aarde" besorg.

In 1876 het dr. Rissik as plaaslike geneesheer en lyfarts van Staat-president T. F. Burgers op Pretoria begin optree. Hy is op 57 jarige leeftyd in die Transvaalse hoofstad oorlede. en was die vader van Frederik H., Cornelis R., Gerard en Johann F. B. Rissik. Laasgenoemde was 'n tydlank administrateur van die provinsie Transvaal (1910-1917), nadat hy tydens die Botha-bewind van 1907 tot eersgenoemde jaar as Minister van Lande en Naturellesake van Transvaal opgetree het. By die artikel is 'n tekening van G. H. Rissik (na 'n foto, deur F. D. Oerder), 'n afbeelding van Pretoria omstreeks 1885, 'n groepportret van die genoemde Rissik-broers en dr. Rissik se woning op „Linschoten". Terwyl dr. Rissik die naam van die dorpie Linschoten aan sy huis op Pretoria verbind het, is dit interessant om uit die artikel te verneem dat die verboude dokterswoning waarin hy gepraktiseer het, vandag nog op die dorpie bestaan. Die dorp Linschoten lê in die driehoek Woerden, Montfoort, Oudewater, prov. Zuid-Holland.

—JAN PLOEGER.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# THE ORIGINAL BOUNDARIES OF PRETORIA

(The following letter by Mr. C. J. Beanes, in reply to an article in our issue of December 1967 was received by us some time ago. We apologise for the delay in publishing it.)

DEAR SIR, — In the issue of December last appeared an article entitled LYS VAN BESIENSWAARDIGHEDE IN PRETORIA.

A few inaccuracies would appear to me to have been published:

The western boundary of Pretoria is Park Avenue, not Potgieter Street.

When the church was erected in 1853 the site was selected by M. W. Pretorius. Two years later, when the laying out of Pretoria was agreed upon by the Volksraad, M. W. Pretorius instructed Andries du Toit (who was responsible for the layout) that the church was to be in the centre of the town. There is therefore on the west Bosman (formerly Koch), Schubart and Potgieter Streets and Park Avenue. On the east we have Andries, Van der Walt, Prinsloo and the western side of Du Toit Street. It will thus be seen that the distance was equal east and west of the Church. To the south of the square there was a much larger piece of land than on the north, so that the church was not in the middle between the north and south streets.

To get to the old cemetery one has to go down Church Street and not Church Street West.

Church Street and all the other west-to-east streets commence at Park Avenue, whereas Church Street West goes west from that same point. This is always causing trouble. Would it not be better to call Church Street West, West Church Street?

In Jeppe's Directory and Almanac published in 1879 he remarked that no houses were numbered in Pretoria and he stated therefore in the Directory that the west/east streets would be divided as follows: all streets west of Paul Kruger Street would be shown as being in west, such as Church Street West and Schoeman Street West, while those east of Paul Kruger Street would be shown as Church Street East and Schoeman Street East and so on. North/south streets would be shown as north as far as



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Church Street, and going south from Church Street they would be shown as . . . Street South, following the name. This system prevailed until the first delivery by postmen was made in November 1902 when the Post Office got the authorities running the town to number the houses.

Streets south of Church Street are much longer than streets north of Church Street. This occurred because the church was not placed in the middle of the stretch.

With regard to the National Bank, no part of the Mint Building could ever be seen from Church Square. The Mint Building was always at the back where the Post Office annexe is today. The only part of the old Mint still surviving is used today as a parcels sorting office.

The building between the National Bank and the Bank of Africa is not mentioned, yet this building was the first home of the town council when it came into existence on January 1, 1904. It remained so until the Town Hall in Pretorius Street was brought into use in 1905 and 1906.

The proper name of the building you refer to as Cuthbert's Building is Tudor Buildings.

Paragraph 34: It was Captain Struben's son who opened the first school. Captain Struben was the State Secretary and he was instrumental in getting the Lydenburg Republic to join the Zuid-Afrikaansche Republiek.

Paragraph 42: The school opposite the Market Square in Prinsloo Street was formerly on the first site of the Oosteind School. The building is still there, divided into four shops.

Paragraph 46: C. van Boeschoten is unknown to me, but Sir J. G. van Boeschoten (Mayor of Pretoria several times) was at 181 Joubert Street, which property has been absorbed by the Teachers' Training College.

Paragraph 52: Mr. Middelberg's house was in Market Street at the corner of Maré Street. It was his private residence. The headquarters of the Railway Company ZASM was north of what is called ZASM House on the corner of Minnaar Street. It is still occupied today by the System Manager of the Railways.

Yours faithfully,

C. J. BEANES.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services